

Preek Jan Steyn Sondag 29 Oktober 2017

Teks: Efesiërs 2:1-10

Tema: In Christus lewe jy

Inleiding:

Jesus het nie gekom om een of ander godsdiens te hervorm nie. Hy het nie die Joodse geloof van binne probeer verander of tot sy volle vervulling probeer bring omdat Hy die Messias was nie. Hy het nie die ou koninkryk van Dawid as politieke en militêre leier probeer herstel soos wat die ou Jode gedink het die Messias sou doen nie. Daarvoor het Jesus te veel met die Joodse godsdienstige leiers gestry. Hy het dan die Joodse offerstelsel afgewys en self die eenmalige en genoegsame offer vir ons sonde geword. Hy het vertel dat sy liggaam aan die kruis die nuwe tempel sal wees wat afgebreek gaan word en in drie dae weer opgebou sal word.

Jesus het ook nie een of ander nuwe godsdiens probeer skep teenoor ander bestaande godsdienste nie. **Stephan Joubert skryf Jesus het 'n radikale nuwe manier van leef in die genadige teenwoordigheid van God daar kom stel.** Jesus kom leer ons dus hierdie lewenswyse onder God se genade. Genade is die een woord wat die Christelike godsdiens van alle ander onderskei. Ons vier vandag Hervormingsondag en gedenk hierdie jaar die 500 jaar sedert die Reformasie begin het. Dit het begin by hierdie Rooms Katolieke priester met die naam van Maarten Luther. Maarten Luther het in sy eie lewe en die kerk van sy tyd iets gemis. Mense is oortuig deur die kerk hoe sleg en verlore hulle is en daarop is gehamer. Maar die goedheid en liefde van God het hulle nie gesien en geken en ervaar nie. Daarom skree Maarten Luther die vraag uit wat alles begin het: Waar vind ek 'n genadige God? Luther vind daardie God in die Bybel wat hom leer van God se genade in Christus Jesus aan verlore sondaarmense bewys.

In Sy TV reeks op TBN, Grace is Greater, verduidelik **Kyle Idleman** mooi hierdie radikale verskil tussen godsdiens en die genade lewe wat Jesus kom ons kom leer en kom wys het:

	Religion	Grace
Keyword	Do	Done
Focus	Outward	Inward
Foundation	Rules	Relationship
Motivation	Shame	Gratitude
Feeling	Fear/ frustration	Freedom
Outcome	Pride/ Guilt	Love

Jy kan dink as jy na hierdie skema kyk hoekom **Louie Giglio** se definisie van wat grace, genade die volgende is: **Grace is God at work**. Ons teks bevestig dit. Hierdie redding kom nie uit julleself nie, dit is 'n gawe, 'n genade geskenk van God. Dit kom nie uit ons eie verdienste, uit iets wat ons gedoen het nie. God het ons gemaak wat ons nou is. Die engelse vertaling is: We are his handiwork. Grace is God at work. As dit ek en jy aan die werk is om onself te bevry of ons eie saak by God reg te maak, is ons weer besig met godsdiens bedryf en leef ons nie meer uit genade nie.

Ons was geestelik dood: (vers 1 tot 3)

Paulus beskryf hierdie before and after van ons geestelike lewe- voor die Here Jesus in ons lewe gekom het en daarna. Hy begin by die vooraf, die before prentjie. Ons was geestelik dood as gevolg van ons sonde en oortredings. Jy was nie geestelik half hulpeloos soos iemand wat met krukke loop en soms gehelp moes word nie. Of soos die baba wat leer loop maar daar is ouerhande wat jou sal vang as jy val nie. En op die ou end sal jy in elk geval self kan loop nie. Jy was nie geestelik halfdood soos iemand wat in hierdie ernstige ongeluk was, maar die dokters kan jou dalk nog red nie. Jy was geestelik dood soos hierdie lyk of dooie liggaam en as jy daarmee praat, sou jy geen reaksie kry nie. Ons was geestelik breindood, hartdood, die masjiene was afgeskakel en die laaste laken oor ons gegooi. Die woord wat hier vir die sonde gebruik is hamartia- dis 'n skiet woord. Dit beteken om jou doel of die teiken te mis. Geestelik beteken dit om nie te wees wie jy veronderstel is om te wees en kan wees nie. Die ergste is

nie dat jy sekere sondige goed gaan doen nie. Dis dat jy sondige gewoontes gaan aanleer en sondige patrone gaan volg wat as jy dit genoeg herhaal, jou normaal word. Dat jou sonde en aan wie jy skade doen, jou later nie meer gaan pla nie. Dan het jy jou doel in die lewe gemis. Hierdie lewe van geestelik dood wees is 'n lewe geleef soos hierdie sondige wêreld- dus volgens sy standarde en waardes, skryf Paulus. Daar is iets erger- as jy hierdie soort lewe leef is jy en jou lewe onder die heerskappy of die regering van die vors van die onsigbare magte. Jy was dus onder die heerskappy van die duiwel- sy magsgebied is gesien as die lug, want die antieke mense het geglo die lug rondom ons is vol bose geeste en die vors of heerser van hierdie bose magte is saam met hulle daar. Hierdie lewe is in wese om vasgeval te wees in jouself- Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en ons het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Dis my lewe – ek sal doen wat ek wil doen wanneer ek dit wil doen en met wie ek dit wil doen. Dit kom in my gedagtes op, ek begeer dit en ek doen wat ek dink en begeer. Dit klink so goed en vry, maar dit is nie. Daar is geen harder meester as die eie-ek of jou sondige menslike natuur nie en geen groter tronk as om daaraan uitgelewer te wees nie. Hierdie lewe onder heerskappy van die sonde en die bose en daardie selfgerigte eie-ek het een uitkoms- vers 3: jy gaan deur God gestraf word. Jy staan onder God se oordeel.

Ons lewe nou geestelik: (vers 4 tot 10)

Dis die na die tyd, die after prentjie: Vers 4: Maar God is ryk aan barmhartigheid en het ons innig lief. Ons was vasgevang in ons sonde en oortredings. Maar God het. Net Hy kan lyke lewend maak. Kyk maar Esegel 37. Die Here bring die profeet by hierdie laagte vol doodsbeendere. Die Here vra die profeet: Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom? Die profeet antwoord: Dit weet net U Here my God. Dis in U hande. Net U het die mag as Here en God om lewe uit die dood te bring. Dis al hoe jy geestelik tot lewe kan kom. Deur die ingrype van buite jouself deur iemand baie groter en magtiger as jy wat jou iets kom gee wat jy glad nie verdien nie. Vryspraak by God, herstelde verhouding met God. Jy kan dit nie self doen nie, jou ouers kan dit nie vir jou doen nie, die kerk kan dit nie vir jou doen nie. Net God se liefde kan dit doen. Jy wat dood was as gevolg van jou sonde word saam met Christus wat vir ons gesterf het, lewend gemaak. Jou skuld word op Christus geplaas en Sy onskuld op jou. Jy kan tog net geestelik lewe as jou skuld vergewe is.

Christus Jesus staan dus nie net iewers 2000 jaar gelede alleen op en dis verby nie. Die skokgolwe daarvan skud jou en my lewe vandag nog so dat dit ons kan verander van geestelik dood na geestelik lewend. Deur die werk van die Heilige Gees kom staan Jesus vandag in jou en my lewe op en word ons saam met Hom lewend gemaak. Nie fisies lewend soos wat Hy gemaak is nie, maar geestelik lewend.

Paulus skryf juis hier in Efesiërs 1:19 dat die krag wat God uitoefen in ons wat glo dieselfde kragtige werking van Sy mag is waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het.

Wat is die gevolge van hierdie nuwe lewe waartoe ons opstaan?

1. **Ek het 'n plek in die hemel.** Dis die deel wat ons goed ken en verstaan en ek het baie as kind gehoor dat jy die Here moet aanneem as jou persoonlike Verlosser sodat jy kan weet dat jy eendag hemel toe sal gaan en nie hel toe nie.
2. **Ek leer "ons" dink en praat en leef.** Ons dink altyd hierdie redding is net persoonlik, maar hierdie gedeelte praat heeltyd van ons: Ons is saam met Christus lewend gemaak, deur die goedheid wat God in Christus Jesus aan ons bewys het. Jesus se opstanding leer jou ons sê en leef. So wie vir Jesus die opgestane Here ja sê, sê ja vir die kerk, daardie mense wat saam met ons in Christus Jesus opgewek is tot nuwe geestelike lewe. Hierdie persoonlike godsdiens van ek sal by God self uitkom as dit my pas en ek het nie die kerk nodig nie, is totaal onbybels.
3. **Ons leef in Christus. Vers 6:** In Christus het Hy ons opgewek. **Vers 10:** In Christus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het. Ons is nie meer net in onself nie- ons is in Christus. Dit beteken die krag wat in ons werk is Sy krag of die krag van Sy Gees en ons word deur Sy krag bewaar.
4. **Ek het 'n roeping hier op aarde.** Wat is dit? **Vers 10:** Om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het. Ons wy ons lewe aan hierdie goeie dae want Hy het ons gemaak wat ons nou is, in Engels ons is Sy handiwork, in Grieks ons is Sy gedigte (poema). Eugene Peterson sê so mooi die opstandingslewe het nie net te make met life after death nie, maar met life in the land of the living. Waar mense swaar kry, waar mense verward is en rigting soek, waar mense gebrek het, waar mense geen hoop of lig in die tunnel sien nie. Julle ken uit julle sondagsskooldae die driedeling van die Heidelbergse Kategismus- sonde (vers 1 tot 3), verlossing (vers 4-9), dankbaarheid (vers 10). Jy doen nie goeie dae sodat jy gered kan word nie. Dis godsdiens denke en nie genade denke nie. Jy doen goeie dae omdat jy gered is en uit dankbaarheid vir hierdie onbegryplike geskenk van God se genade. Goeie dae is doodeenvoudig die vrug van die ware geloof. God se gedigte is veronderstel om goeie dae aan ander te doen. In Johannes 15 herinner Jesus ons: Wie in My bly en Ek in Hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. As ons in Hom bly, sal die vrug kom.

Slot:

Kom ons vat bietjie hierdie lewe voor en na Christus saam in 'n skema wat ons teenoor mekaar sit:

Voor

Na

Dood as gevolg van sonde

Saam met Christus lewend gemaak

Jy is 'n vyand van God

Jy is 'n kind van God

Jy is onder die duiwel se regering

Jy is nou in Christus Jesus onder Sy regering

Jy word gelei deur sondige begeertes

Jy staan onder beheer van die Heilige Gees

Jy vra wat pas en bevoordeel my

Jy wy jou lewe aan goeie dade

Jou handboek is wat jy dink en begeer

Jou handboek is die Bybel

Jy sou deur God gestraf word

Jy is vry gespreek en leef ewig

Die grootste transformasie van alle tye- mense wat geestelik dood was en nou geestelik lewe. Die opstanding van ons Here Jesus vind elke dag in die mense om ons in binne-in ons plaas. Ons kan dit net in geloof ontvang. Geloof is die leë hand van die bedelaar wat iets ontvang wat hy glad nie verdien nie en niks het om terug te gee nie. Geloof is net om te aanvaar dat die werk wat God deur Sy Seun gedoen het, ook vir my was. Dat ek een is wat daardeur begunstig en bevoordeel word. En dat ek dit alleen deur genade mag wees. Alleen omdat God weens Sy innige liefde vir ons so groot in barmhartigheid is. Paulus vat in 2 Korintiërs 5:17 saam wat Hy in Efesiërs 2 beskryf: Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.

Amen

